

# Die amazing geloofsreis!

Ons hoop jy's reg vir die amazing geloofsreis! Ons gaan vanjaar saam ontdek dat geloof rêrig is, dat dit die moeite werd is om die Here te volg en dat Hy die Lewe in oorfloed bring (Joh 10:10). En die wonderlike is, jy hoef dit nie op jou eie te doen nie – ons doen dit saam met mekaar. Ons gaan mekaar vanjaar ondersteun en help, maar ook uitdaag om nie 'n halfpad-Christen te wees nie, maar voluit te gaan. Ons gaan saam Bybel lees en ontdek dat 'n eeue-oue boek vol kraakvars nuus vir vandag kan wees. Ons gaan saam worstel met vandag se vrae – niemand gaan snaaks opkyk as jy oor iets wonder nie. Ons gaan saam kuier, mekaar geniet en ontdek dat ons bedoel is om mekaar aan te moedig. Ons gaan vriendskappe smee en baie by mekaar leer.

# Die reisplan

Ons volg die 7-weke program vir die eerste kwartaal. Vanjaar se Sewe Weke tema is *Entrepreneurs van Hoop* waar ons veral gaan kyk waar ons as gelowiges se roeping lê in ons dorp, gemeenskap, land en die wêreld.

In die 2de en 3de kwartaal kyk ons na kern geloofsvrae en hoe ons dit prakties in ons lewens kan toepas.

Ons kom Sondagaande 18:00-19:00 in die Foyer van die Hofmeyersaal bymekaar. Bring asb altyd jou Bybel en 'n pen of potlood saam na die byeenkomste.

Hierna woon ons saam met die ander graadgroepe die Up-Jeugdiens by – 19:00-20:00.

# En waartoe lei dit alles?

In 2021 kan jy by een van drie geleenthede in die kerk voor die gemeente getuig dat jy gekies het om Jesus te volg omdat Hy gekies het om vir jou sy geliefde kind te maak.

Jy en jou ouers moet 'n briefie vir ons skryf waarin jy aandui wanneer en waarom jy graag belydenis van geloof wil aflê. Daar is dan ook 'n gesprek met Jan.

En dan is dit daardie besondere dag wanneer jy jou hand in die doopfont hou en onthou dat God gesê het: “Jy is Myne”. En jy antwoord daarmee: “Ja, Here, ek is U s'n.”

## Kom gesels met ons!

Jan van Zyl  
[jan@moederkerk.co.za](mailto:jan@moederkerk.co.za)  
0828713155

Marnus Havenga  
[marnush@sun.ac.za](mailto:marnush@sun.ac.za)  
0616611005

# JAARPROGRAM

## EERSTE KWARTAAL

- 19 Jan Registrasie  
Verwelkomingsdiens Hofmeyrsaal
- 26 Jan Wat is 'n geloofsreis? Wat glo ek?
- 2 Feb Sewe Weke 1
- 9 Feb Sewe Weke 2
- 16 Feb Sewe Weke 3
- 23 Feb Sewe Weke 4
- 1 Maart Sewe Weke 5
- 8 Maart Sewe Weke 6
- 15 Maart Sewe Weke 7
- 27-29 Mrt #IMAGINE

## TWEEDE KWARTAAL

- 5 Apr God, die Skeppende EEN
- 12 Apr Langnaweek (Paasnaweek)
- 19 Apr God se storie van VERLOSSING
- 26 Apr Langnaweek (Vryheidsdag)
- 3 Mei Langnaweek (Werkersdag)
- 10 Mei Die Heilige Gees, God ín ons
- 17 Mei Gawes van die Gees – groei/opbou
- 24 Mei Die Doop – Wie s'n is ek

## DERDE KWARTAAL


- 12 Julie Die Kerk – 'n gebou of 'n voertuig?
- 19 Julie Ek het 'n *unieke plek* in God se span
- 26 Julie Kry jy die *clues*? Om God se stem te hoor
- 2 Aug Ander Godsdienste
- 9 Aug Langnaweek (Vrouedag)
- 16 Aug Seksualiteit en verhoudings
- 23 Aug Wat van *siekte, lyding, swaarkry*?
- 30 Aug Hoe sê mens *dankie*?
- 6 Sept Gebed – *asemhaal*
- 12/13 Pelgrimstog
- Sept

## VIERDE KWARTAAL

- 4 Okt Afsluiting saam met ouers

Die amazing  
geloofsreis

2020



MOEDERKERK  
KRUISKERK